# JESUS STEL SY VADER SE BELANGE EERSTE

LUKAS 2:41-52

ONTSTELTENIS
"Josef, het jy vir Jesus iewers gesien?!…."
Ons vra vandag: "Hoe kon so iets gebeur?!"
Reis in groepe ter wille van veiligheid – wilde diere, rowers (Barmhartige Samaritaan)
Mans, vroue en kinders apart
Ouers met swakhede soos ons (agtelosig)

FEES
Pas 7 dae feesgevier in Jerusalem (Pasga Fees van ongesuurde brode)
Wetlike voorskrifte: 3 feeste wat deur alle mans bygewoon moet word (Deut 16:16)
Mans (nie vroue en kinders) – Maria; Jesus (12) – Joodse seun vanaf 13 'n *bar mitsvah/ seun vd wet = volwassene*.

ONTDEKKING
In Jerusalem aangekom, vind hulle Jesus in die tempel (ongewoon!)
**Sanhedrin**: Joodse Raad (samestelling en funksie)
Weer teen einde van Sy lewe – nou beïndruk.
AL wat kanon vertel van kinderjare – vergelyk **Apokriewe Boeke (**12 mossies; maatjie val v d dak lewend gemaak; bylwond; water; koring; plank; broer gebyt deur 'n giftige slang; dooie baba opgewek)
Doen nie wonderwerke in tempel, maar toon wonderlike insig

REAKSIES
Maria: Haal Hom oor die kole – **tipies:** kommer na kwaad!
Jesus: Sy eerste opgetekende woorde – **veelseggend**:
Bewus dat Hy die *Seun van God* is.
Sterk *roepingsbesef* ("moet"): "huis van" of "die dinge van" my Vader
Beweeg nie saam met stroom of gee toe aan groepsdruk of verwagtinge van familie nie – doen wat sy Vader van Hom verwag.

AFLOOP
Hy verset Hom nie teen sy ouers, maar vertrek die slag saam met hulle.
Hoewel sy **eerste lojaliteit** aan sy hemelse Vader was, was hy nogtans **onderdanig** aan sy aardse ouers.
Hoor daarna vir 18 jaar nie weer van Hom. Nog broers en susters; help pa; Josef intussen oorlede; Maria leef nog tot na Sy hemelvaart.

TOEPASSING

Wat my van Jesus op 12-jarige ouderdom tref,

- is dat Hy toe reeds ‘n **besef van sy godheid** gehad het. Hy was inderdaad die Verlosser wat die wêreld nodig gehad het – *ware God en ware, sondelose mens*.
- Ek word ook getref deur sy **roepingsbesef**. Hy was nie ‘n “PLEASER” nie, het nie toegegee aan druk van die groep of familie nie, want God se belange het eerste gekom in sy lewe.
- Ek is getref deur sy **insig**, maar saam daarmee, sy **nederigheid en leerbaarheid.**
- Dit is ook vir my treffend hoedat Hy hom **onderwerp aan gesag**, al het Hy toe al geweet dat Hy God is.

Hierdie dinge is vir alle kinders van die Here vandag ook belangrik:

1. **‘n Duidelike roepingsbesef** sodat ons God se belange altyd eerste sal stel; nie sal toegee aan groepsdruk of die verwagtinge van die familie of ander mense of maar saam met die stroom beweeg nie.
   Ons taak en roeping is *om besig te wees met die dinge van ons Vader*. Dit sal vanselfsprekend **beteken** dat ons ons nie met die **dinge van die Duiwel** sal besig hou nie – dinge soos misdaad, pornografie, buitehuwelikse verhoudinge, ens. Dit sal ook beteken dat ek sal onthou dat wanneer ek met **ander mense** te doen het, hulle skepsele van die Vader is en hulle met die nodige respek sal behandel;
   … **natuur** = God se skepping is en dit mooi sal oppas;
   **goed** = God se goed wat Hy aan my geleen het.
   **Oral** waar ons besig is, is ons besig met die dinge van ons Vader; die hele wêreld is die *“huis van ons Vader”!*
2. Dit is ook nodig dat kinders van die Here **nederig** sal wees in alles, ook in ons *getuienis* dat Jesus die enigste weg tot redding is. Mag God ons bewaar van *geestelike hoogmoed* teenoor medegelowiges en mense wat anders glo as ons of wat glad nie glo nie.
3. Mag Hy aan almal van ons ‘n **leerbare gees** gee. Ons moet *onderskei* tussen beginselvastheid (wat goed is) en verstoktheid, ‘n houding van “niemand kan vir my iets leer nie!” In ‘n wêreld wat so vinnig verander soos ons s’n, is beide hierdie eienskappe baie belangrik: beginselvastheid en leerbaarheid.

4. Vierdens: Kinders van die Here **onderwerp hulle aan gesag**, ouers en ander s'n, omdat ons glo dat God dit vandag nog so wil hê en Hy is ons hoogste gesag. ("Eer jou vader")

Dit alles het Jesus, God wat sondelose mens geword het, vir ons kom **moontlik maak**! Amen.